Troos by die Almagtige regeerder van die Heelal.

Teks: Spreuke 16: 1 - 33
Teksvers: Spreuke 16: 9, 20, 33

1. Inleiding

Geliefde, op hierdie tweede Sondag van vlak 3 inperking vra ons mekaar uit oor die toekoms. Wat gaan gebeur in die toekoms. En onmiddelik moet ons erken dat ons as gelowiges geen bonatuurlike openbaring oor die toekoms het nie. Wel in elk geval nie op die kort termyn toekoms nie. Ons weet ook nie wat gaan gebeur oor die volgende paar maande of jare nie.

Vir die mens is daar twee maniere waarop ons die toekoms kan benader. En hierdie twee maniere is vir ons goed bekend in mense se alledaagse optrede. Die eerste benadering gaan uit van die benadering, dat ek mos in beheer van my eie toekoms is. Ek moet fyn beplan en hard werk, dan sal alles mos in plek val. Wel waar ons vandag is, wonder ’n mens tog hieroor.

Die ander benadering, is ’n willekeurige benadering. Iets van alles oorlaat aan kans. Dit ken ons ook vandag goed in ’n apatiese samelewing. Ek laat maar gewoon dinge voortgaan sonder te veel moeite of inspanning van my kant af. Maar die vraag wanneer ons voor die woord van die Here stil word, is watter benadering eer die Here. Ja selfs nou waar die toekoms donker en hopeloos lyk, hoe kan ons steeds die Here eer?

Of eintlik ook na die ander kant toe, met die fokus op die mens. Sal ons oorleef? Sal ons dit kan maak in die moeilike omstandighede wat voorlê? Is daar troos en selfs hoop vir die gelowige in hierdie moeilike tye. Ons fokus vandag op die wysheidslitratuur uit die boek spreuke. Wysheidslitratuur is natuurlik geskrifte wat van die vroegste tye af gebruik is in opleiding gelowiges. Kom ons luister weer vanoggend na die wyse Salomo. Sodat ons ook die toekoms in wysheid, in die wil van die Here kan aanpak.

2. Ek dink ek is in beheer

Alhoewel die wysheidslitratuur in die Bybel vir ons voorbeelde is van baie goeie poësie, voel hoofstuk 16 onderstebo. Die eerste teksvers waarop ons fokus voel of dit eintlik die laaste een moet wees. Want dit voel soos die uiteindelike gevolgtrekking, dat die Here in beheer bly, terwyl die mens dink dat hy/sy beplan. En die res van ons teksverse brei dan uit op die manier waarop die mens beplan.

Die situasie waarin ons huidig in die samelewing verkeer, is seker die bewys van die mens se effektiwiteit as dit by beplaning kom. Ons kan vandag beplanning gemeet aan uitkomste saamvat in een term, inperkingsregulasies. Ons as mense het beplan en beperk maar uiteindelik voel dit tog of die pandemie tog ook maar sy gang gegaan het.

Tog is dit juis in hierdie moeilike omstandighede dat die mens baie meer geneig om te erken dat hy/sy tog nie in beheer is nie. Ons wil mos graag verantwoordelikheid aanvaar vir sukses, maar nie vir die mislukkings nie, daarvoor wil ons eerder iets of iemand anders blameer. Daarom is daar miskien nie ’n beter tyd as juis die huidige om aan die wêreld die evangelie te verkondig. Die evangelie dat ons tog nie in beheer is nie. Tog is daar nie sprake van stilsit in ons teksvers nie. Beweeg moet ons beweeg. Die woorde pad, rigting en loop dui duidelik op beweging. Die opsie in die lewe om nie meer saam te gaan bestaan nie. Ons kan nie soos ’n bederfte kind sê, as dinge nie na my sin is, speel ek nie meer saam nie.

Tog uiteindelik is daar vir ons as gelowige geweldige troos in die feit dat dit die Here is wat in beheer is. Want ons weet dat die Here dinge tot ons beswil beheer. Selfs al is dit moeilik om te sien in ’n moeilike tyd soos hierdie. Bly dit vasstaan dat die Vader Sy eniggebore Seun nie gespaar het nie, maar geoffer het in die plek van ons sondes. Daarom al dink ek, dat ek in beheer is, is ek gelukkig nie.

3. Fyn beplanning van die lewe

Maar wanneer ons dan fokus op die beweeg wat ons reeds aangeraak het, in die eerste hoofpunt. Hoe beweeg die mens voort. Wel afgesien van die negatiewe hoogmoed van in beheer wees, wat ook in vers 5 veroordeel word, is daar veral twee ander maniere. Soos ons in die inleiding gesê het, behels die eerste manier ’n fyn uitgewerkte plan waarmee die lewe aangepak word.

Hierdie benadering word saamgevat in vers 20 van ons teksgedeelte. En met die eerste oog opslag is dit al duidelik dat dit nie net negatief is. Wie ag gee op die woorde van die Here sal voorspoedig wees. Tog is dit duidelik dat hier nie van enige beplanning gepraat word nie. Nee, hierdie is nie blote wêreldse beplanning wat alleenlik op wetenskaplike feite gebaseer is nie, feite wat enige bonatuurlike ontken. Hierdie beplannig word in die geloof gedoen. In afhanklikheid van God.

Tog beteken dit steeds nie ’n passiewe terugsit en maar net die seëning van die Here ontvang nie. Nee dit is werk. Maar werk met die duidelike besef dat my vermoë om te werk net ’n gawe uit die hand van God is. En dat enige vergoeding wat ek verdien vir die werk ook net ’n gawe uit die hand van God is. Dit hou veral twee waarhede teenoor my beplanning en uitvoering in. Eerstens werk ek alleen om God te eer en te verheerlik. Met ander woorde my werkstandaard is geweldig hoog. Die volgende waarheid is dat dieselfde Vader wat my geseën het met verlossing uit die dood, my ook sal seën met al die ander lewensmiddele wat nodig is hier op aarde.

Dus is ’n lewe wat in fyn beplaning gelewe word nie ’n teken van ongeloof nie, maar eerder ’n teken van geloof. Want dit is net uit die geloof wat ware sinvolle beplanning kan geskied.

4. ’n Lukrake benadering tot die lewe

Laastens kyk ons na die ander benadering wat mense soms volg. En op ’n manier voel dit vandag soos die meer algemene benadering. Dit word saamgevat in die eerste deel van ons laaste teksvers vandag “In die skoot word die lot gewerp”. Met ander woorde alles word oorgelaat aan kans. Vir ons as gereformeerde gelowiges waarvoor toeval nie bestaan is daar niks van ’n geloot wat in lyn is met geloof nie.

Tog het die val van die lot baie meer met Godsdiens te doen as wat ons dink. Ons weet dat ander gelowe, hierdie metodes gebruik om met hulle afgode te kommunikeer. Daar word dan geglo dat uitkoms van lot deur die afgod bepaal word. Tog is hierdie gebruike nie so vreemd aan die Christelike geloof as wat ons soos dink nie. Wanneer Aäron moet beslis watter bok moet vir die Here geoffer word in Levitikus 16 trek hy lootjies. Ook wanneer die beloofde land verdeel word, in Numeri 26 en Josua 14 word lootjies getrek. Ook in ons eie kerkreg by ’n staking van stemme, moet onder die gebed ’n geloot word. Net soos die opvolger van Judas ook aangewys is in Handelinge 1.

Maar wat beteken dit vir ons vandag. Dit beteken dat wanneer ek die einde van my beplanning bereik. Wanneer niks in plek

wil val, na al my ywer vir ’n saak nie. Dan is die Here steeds daar. Selfs al moet ek die skynbare laaste uitweg neem, is dit steeds in die almagtige hande van die Here. Ek kan in geloof my worsteling voor die Here bring. Ook dan sal Hy uitkoms gee. Op ’n manier is dit miskien waar ons tans is. Baie van ons harde werk oor die jare, drieg om binne maande verwoes te word weens die inperkings regulasies. Maar selfs dan is daar steeds hoop in die verlossing van die Here.

5. Slot

As ons by die slot van vandag se prediking kom dan is daar seker net een ding om te doen. En dit is om ons teksvers, vers 8 aan die te haal: “[9]Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe.” Soos ons in die prediking gesien het, al beplan ons alles in die fynste besonderhede of al laat ons alles sommer aan kans oor. Die Here, die almagtige bly eintlik in beheer van alles.

Tog is alles nie ’n gejaag na wind nie. Want die Vader kom trek nie eenvoudig ’n streep deur alles wat ons beplan en doen nie. Soos ons eintlik al vroeër gesê het, is beplaning wat nie tot eer en verheerliking van die Here gedoen word nie, nie werklik beplanning nie. En sal dit nie stand hou. Dieselfde is natuurlik waar oor die werk wat ons verrig, as dit nie tot eer en verheerliking van die Here is nie, kom dit tot niks. Ja uiteindelik selfs die dinge wat ons nie beheer nie en maar aan kans oor laat. Selfs dit word deur die Here beheer. Selfs daar bepaal die Here die uitkoms.

En dit is juis hierin wat die groot genade van die Here deurskyn. Die feit dat die Vader beskik wat gebeur, is eintlik juis tot ons voordeel. Want as die sondige mens in beheer was, waar sou ons geëindig het. Natuurlik gebeur daar steeds onaangename dinge in hierdie gebroke wêreld waarin ons nou nog leef. Die pandemie en gepaargaande ekonomiese ellende wat ons tans beleef is tog ’n bewys hiervan.

Maar uiteindelik het ons die rustigheid dat niks ons van die liefde van die Here kan skei nie. Die liefde wat Hy bewys het in die offer van Sy eniggebore Seun, in die plek van ons sondes. Daar is werklik ook vandag troos by die Almagtige regeerder van die Heelal

Amen